Die Heilige Gees.

Joh 14:16 En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:

Joh 14:26 maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

Die Heilige Gees

Nog nooit in die geskiedenis van die kerk was die teenwoordigheid van die Heilige Gees so nodig in die kerk soos juis vandag nie. Dit is HY wat die kind van GOD bekwaam maak vir al die uitdagings en eise van vandag. Dit is HY wat die kind van GOD die vermoë gee om te onderskei tussen reg en verkeerd. Ook om te onderskei tussen die ware en die valse godsdiens. (2Kor 11:4 n ander Jesus, n ander gees, of n ander evangelie)

Wie is die Heiige Gees?

Die Heilige Gees is die derde persoon in die Goddelike Drie-eenheid. [God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.] Hy gee uitdrukking aan die eenheid tussen die Vader en die Seun. Hy skep die verwantskap tussen God en die mens en ook die eenheid tussen gelowige en gelowige.

1. Hy is 'n persoon wat self die dieptes van GOD ondersoek en aan ons openbaar wat HY self ontdek het:
   1Kor 2:10 Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.

2. HY is self 'n persoon wat bid en vir ons intree:
   Rom 8:26 En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

3. HY is 'n persoon wat ons leer:
   Joh 14:26 maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

4. HY is 'n persoon wat gestuur is om ons te lei:
   Joh 16:13 Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.

5. HY is 'n persoon met 'n wil:
   1Kor 12:11 Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan

elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.

6. HY is 'n persoon wat wonderwerke doen:
   Hand 8:39 En toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filippus skielik weggevoer, en die hofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het sy weg met blydskap gereis.

7. HY is 'n persoon wat praat:
   Hand 8:29 Toe sê die Gees vir Filippus: Gaan daarheen en bly by daardie wa.

8. HY is 'n persoon wat 'verhinder' as dit nodig is:
   Hand 16:6 En hulle het deur die land Frígië en Galásië gegaan, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om in Asië die woord te verkondig.
   Hand 16:7 En toe hulle by Mísië kom, het hulle probeer om na Bithínië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie.

9. HY is ons trooster:
   In Joh 14:16 noem JESUS die Heilige Gees - die TROOSTER.
   Joh 14:16 En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:

   Die Griekse woord wat hier gebruik word is:
   "parakletos" [pronounced - *par-ak'-lay-tos = volgens Strong's], en beteken - "*An *intercessor*, *consoler:* - advocate, comforter."

TROOSTER beteken letterlik iemand wat by 'n ander kom staan om hom op elke moontlike wyse by te staan. *"Parakletos"* verwys na die ou gebruik toe invloedryke mense hulle vriende in hofsake bygestaan het. So intiem was JESUS se verhouding met SY dissipels, dat hulle minstens iemand van dieselfde gehalte as Hy moes hê om hulle by te staan na SY hemelvaart.

Hy is ewig:
Heb 9:14 hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.

Hy is deur God gestuur:

Joh 15:26 Maar as die Trooster[Heilige Gees] gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.

Hy is deur Jesus gestuur:

Joh 16:7 Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;

Hy is alomteenwoordig:

Psa 139:7 Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?

Hy is alwetend:

1Kor 2:10 Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.

1Kor 2:11 Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God.

Die doel van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees kan slegs in die harte van wedergebore kinders van GOD woon. Dis 'n Heilige Gees! Sy woning moet ook Heilig en skoon wees. Hy is deel van die Goddelike Drie-eenheid en die Skrif leer ons dat GOD heilig is. [1Pet 1:16 omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.] As God heilig is, is die HELE Goddelike Drie-eenheid HEILIG. Dan sê die Heilige Gees se naam ook vir ons dat HY heilig is - HEILIGE GEES!

1Kor 6:19 Of weet julle nie dat **julle liggaam 'n tempel is van die** Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?

Die Heilige Gees is gestuur om te oortuig van sonde:

Joh 16:8 en as Hy[die Heilige Gees] kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel:

Die Heilige Gees soek predikers uit:

Hand 13:2 En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het.

Hy leer ons:

Joh 14:26 maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

Hy praat met ons:

Joh 16:13 Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.

Hy leer ons bid:

Rom 8:26 En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

Ons word deur Hom gelei:

Rom 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.

Ons optrede teenoor die Heilige Gees.

Ons kan Hom bedroef:

Efes 4:30 En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.

Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?

Hy kan geblus word:

1Thes 5:19 Blus die Gees nie uit nie. [Deur te weier om jou te bekeer of deur die gawes van die Heilige gees nie toe te laat om in die kerk te opereer nie.]

Daar kan teen Hom gesondig word:

Mat 12:31 Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense

vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie.

Mat 12:32 En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomende nie. *[Dit is die weiering om Jesus as jou persoonlike Saligmaker aan te neem. Sien uiteensetting - bl 30]*

Ons kan Hom versoek:

Annanias en Saffira het gelieg oor die prys van die grond wat hulle verkoop het. Hand 5:9 En Petrus sê vir haar: Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek? Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra.

Ons kan probeer lieg vir die Heilige Gees:

Hand 5:3 Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou?

Ons kan Hom weerstaan:

Hand 7:51 Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle.

Ons kan Hom beledig/smaad:

Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?

Ons kan deur ons dade die Gees tot rus bring:

Sag 6:8 Toe het Hy my geroep en aan my dit gesê: Kyk, die wat uittrek na die land van die noorde, hulle bring my Gees tot rus in die land van die noorde.

[Dit is so veelseggend as ons onthou dat die Skrif ons leer dat die hemel in die Noorde is.] Jes 14:13 / Psm 48:3 / J0b 26:7 /Job 37:22]

Simbole van die Heilige Gees.

Hierdie simbole is simbolies van die Heilige Gees en SY werk verrigting.

Duif:

Die duif spreek van hoflikheid, teerheid, lieflikheid, onskuld, vrede, skoonheid en geduld. [Dit is tiperend van GOD se Gees en karakter.]

Nadat Noag die duif uitgestuur het, keer hy terug met 'n takkie in sy bekkie. Dié takkie was simbolies van JESUS.

Jes 11:1 Maar daar sal ‘n takkie[JESUS] uitspruit uit die stomp van Isai, en ‘n loot uit sy wortels sal vrugte dra;

Mat 3:16 En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die **Gees van God soos ‘n duif neerdaal en op Hom kom.**

By hierdie geleentheid is die 'takkie' nie in die duif se bekkie nie, maar die duif kom sit op die TAKKIE.(JESUS)

Vuur:

Mat 3:11 Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.

Hand 2:3 Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.

Lev 6:13 Vuur moet gedurigdeur op die altaar aan die brand gehou word; dit mag nie doodgaan nie.

Vuur dui op reiniging. Wanneer 'n veld brand hardloop al die goggas en diere weg. Alles kruip uit hul gate en vlug. So brand die Heilige Gees ook al die 'geestelike goggas' weg uit ons lewens. Vuur word ook gebruik om silwer en goud te suiwer en te reinig.

Wind:

Hand 2:2 En daar kom skielik uit die hemel **‘n geluid soos van ‘n geweldige rukwind,** en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het

Joh 3:8 Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.

Olie:

Olie in die Ou Testament, spreek van bruikbaarheid, vrugbaarheid en skoonheid. Olyf-olie was gebruik as voedsel; vir lig; genesing en heling.

1. Konings was gesalf met olie
2. Olie is gebruik om die kandelaar in die tempel aan die brand te hou.

Psa 133:2 Dit is soos die kosbare olie op die hoof, wat afloop op die baard, die baard van Aäron, wat afloop op die soom van sy klere

Heb 1:9 U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle;

Jak 5:14 Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.

'n Seël:

Efes 1:13 in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,

2Tim 2:19 Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is; en: Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid.

Die Heiliege Gees as seël dui op twee betekenisse:

Eerstens, Eienaarskap: Die seël van God word op die gelowige af-

gedruk. Dit is die Gees wat in ons kom woon. Dit maak ons SY eiendom. (Rom 8:16 Die Gees self getuig saam met ons gees .....)

Tweedens, Versekering: Efes 1:13 (b) in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,

Water:

Joh 4:14 maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in **hom word 'n fontein** van water wat opspring tot in die ewige lewe.

Joh 7:38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

Water reinig en verfris. Les die dors en maak die onvrugbare grond lewend en vrugbaar.

<u>Die Heilige Gees en die mens:</u>

Die Gees kan OP die mens uitgestort word:

Hand 2:16 Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is:

Hand 2:17 En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.

Die Gees kan IN 'n mens IN KOM:

Eseg 2:2 En die Gees het in my gekom sodra Hy met my gespreek het, en my op my voete laat staan; en ek het Hom gehoor wat met my gespreek het.

Die Heilige Gees vervul die mens met krag:

Miga 3:8 Ek daarenteen is vol krag, mét die Gees van die HERE, en reg en heldemoed, om aan Jakob sy oortreding te verkondig en aan Israel sy sonde.

Die Gees kan lewend maak:

Joh 6:63 Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.

Die Gees kan uit die mens se binneste vloei soos 'n rivier:

Joh 7:38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

Joh 7:39 En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.

Die Gees kan in die midde van 'n groep mense kom;

2Kron 20:14 Toe kom die Gees van die HERE in die midde van die vergadering op Jahásiël, die seun van Sagaría, die seun van Benája, die seun van Jeï-el, die seun van Mattánja, die Leviet uit die kinders van Asaf;

Die Gees kan uit die hemel neerdaal:

Joh 1:32 En Johannes het getuig en gesê: **Ek het die Gees soos 'n** duif uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op Hom gebly.

Die Heilige gees kan MET 'n mens praat:

Hand 10:19 En terwyl Petrus nadink oor die gesig, sê die Gees vir hom: Daar is drie manne wat jou soek.

Hy kan ook DEUR 'n mens praat:

1Tim 4:1 Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang

Die Heilige Gees kan dinge aan die mens openbaar:

1Kor 2:10 Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.

Die Gees kan die mens onderrig:

Neh 9:20 En u goeie Gees het U gegee om hulle te onderrig, en u manna het U nie van hulle mond teruggehou nie en aan hulle water gegee vir hulle dors.

Hy kan ook getuig:

Joh 15:26 Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.

Die Heilige Gees kan 'n mens dra/vervoer:

Eseg 43:5 En die Gees het my opgeneem en my in die binneste voorhof gebring; en kyk, die heerlikheid van die HERE het die huis vervul.

Hand 8:39 En toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filippus skielik weggevoer, en die hofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het sy weg met blydskap gereis.

Die Gees kan 'n mens lei:

Rom 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.

Ons kan deur die Heilige Gees duiwels uitdryf:

Mat 12:28 Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom.

Die Heilige Gees kan ook van 'n mens weggeneem word:

1Sam 16:14 Maar die Gees van die HERE het van Saul gewyk, en 'n bose gees, deur die HERE gestuur, het hom verskrik.

Psa 51:13 Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie.

Die Gees getuig van ons kindskap:

Rom 8:16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;

Die Gees gee vir ons deur Jesus toegang tot die Vader:

Efes 2:18 want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.

God woon in ons deur die Gees:

Efes 2:22 in wie julle ook saam opgebou word tot **'n woning van God** in die Gees.

Die Heilige Gees versterk ons innerlike mens:

Efes 3:16 dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens,

Die Gees maak van ons nuwe skepsels in Christus Jesus:

1Kor 6:11 En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas,

maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.

2Kor 5:17 Daarom, **as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel**; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

Die Gees skryf op die tafels van ons harte:

2Kor 3:3 omdat julle duidelik 'n brief van Christus is deur ons diens berei, geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart.

Die Heilige Gees gee vryheid:

2Kor 3:17 Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid.

Die Gees is die oorsprong van ons hoop:

Gal 5:5 Want óns verwag deur die Gees uit die geloof die geregtigheid waarop ons hoop.

Om te wandel in die Gees beteken oorwinning oor die vlees:

Gal 5:16 Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;

Gal 5:17 want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.

Gal 5:18 Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie.

Rom 8:1 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

Rom 8:11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

DAAR IS NET EEN HEILIGE GEES:

Efes 4:4 Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping;

Verskillende mates/porsies van die Heilige Gees:

Moses se porsie word verdeel in 71 porsies:

Num 11:25 Daarop het die HERE neergedaal in die wolk en met hom gespreek; en Hy het van die Gees wat op hom[Moses] was, afgesonder en op die sewentig oudstes gelê. En terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer; maar daarna nie meer nie.

Elia se porsie:

2Kon 2:9 En nadat hulle deur was, sê Elía vir Elísa: Begeer wat ek vir jou moet doen, voordat ek van jou af weggeneem word. En Elísa **antwoord: Laat dan tog 'n dubbele deel van u gees op my** kom.

Elísa se porsie - 'n dubele porsie:

2Kon 2:9 En nadat hulle deur was, sê Elía vir Elísa: Begeer wat ek vir jou moet doen, voordat ek van jou af weggeneem word. En Elísa **antwoord: Laat dan tog 'n dubbele deel van u gees op my** kom.

2Kon 2:10 En hy sê: **Jy het 'n harde saak begeer. As jy my sien** wanneer ek van jou af weggeneem word, laat dit dan so met jou wees. Maar so nie, dan sal dit nie wees nie.

2Kon 2:12 En Elísa het dit gesien en geroep: My vader, my vader, wa van Israel en sy ruiters! .....

2Kon 2:13 Daarna tel hy die mantel van Elía op wat van hom afgeval het, ...

Jesus - Porsie sonder mate [Without measure]:

Joh 3:34 Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; want God gee Hom[Jesus] die Gees nie met mate nie.

Jes 11:2 en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.

Jes 42:1 Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring.

Luk 4:18 Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My ges-

tuur om die wat verbryseld van hart is, te genees;
Luk 4:19 om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.

Hand 10:38 met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.

Die Bruid se porsie:
2Kor 1:21 Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus en ons gesalf het, is God,
2Kor 1:22 wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons harte gegee het.

2Kor 5:5 Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het.

1Joh 4:13 Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het.

Fil 1:19 Want ek weet dat dit deur julle gebed en die ondersteuning van die Gees van Jesus Christus my tot heil sal strek,

Aan wie word die Heilige Gees gegee?

Die Heilige Gees word gegee aan God se kinders wat Hom vra:
Luk 11:11 En vir watter vader onder julle sal sy seun brood vra, en hy sal hom ‘n klip gee; of ook ‘n vis, en hy sal hom in plaas van ‘n vis ‘n slang gee;
Luk 11:12 of ook as hy ‘n eier vra, hom ‘n skerpioen gee?
Luk 11:13 As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?

Die Heilige Gees word gegee aan hulle wat Hom gehoorsaam is:

Hand 5:32 En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is.

Die Heilige Gees word gegee aan hulle wie se harte gereinig is:

Hand 15:8 En God wat die harte ken, het vir hulle getuienis gegee deur aan hulle die Heilige Gees te skenk net soos aan ons.

Hand 15:9 En Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy hulle harte gereinig het deur die geloof.

Die vervulling en doping met die Heilige Gees:

By bekering kom woon die Heilige Gees in ons, maar dit is nog nie die doping met die Heilige Gees nie.

Ons gaan die volgende illustrasie gebruik om dit te demonstreer. Neem 'n leë glas en 'n beker vol water. Skink die glas vol water - die glas is vol, maar dis nie gedoop[onderdompel] in die water nie. Druk nou die glas diep in die beker in. Nou is die glas nie net vol nie, maar ook gedoop[onderdompel] in die water. Wanneer jy die glas uit die water haal, is dit nie meer gedoop[onderdompel] in die water nie, maar nog vol water.

Op Pinksterdag was die bekeerlinge gevul en gedoop met die Heilige Gees. Die sigbare teken van die doping in die Heilige Gees was die spreke in vreemde tale. Met ander woorde hulle het in werkiliheid onder die kontrole van die Heilige Gees gekom en die tale gespreek wat Hy aan hulle gegee het. Hand 2 leer ons dat God verheerlik was deur die spreke van daardie tale.

Hand 2:4 En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

Hand 2:11 Kretense en Arabiere—ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek.

Daarna het hulle gereeld nuwe vervullings ontvang om hul te versterk in die gees.

Waarom Tale?

1. Dit is die uiterlike teken dat die Heilige Gees aan ons gegee is en in ons woon.
2. Dit is seker die mees verhewe manier waarop God geloof en geprys en aanbid kan word. Hand10:46 Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak. .....
3. Niemand, behalwe GOD, verstaan hierdie taal nie, selfs nie eers die duiwel nie. 1Kor 14:2 Want hy wat in 'n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; want niemand verstaan dit nie, maar deur die Gees spreek hy verborgenhede.
4. Om in 'n taal te spreek stig jou. Dit bou en versterk jou in die gees. 1Kor 14:4 Hy wat in 'n taal spreek, stig homself; maar hy wat profeteer, stig die gemeente.
5. Wanneer dit egter uitgelê word is dit tot stigting van die gemeente ook.
6. Die Heilige Gees wat ons hart en siel deurgrond en ken weet net die beste hoe om ons begeertes en behoeftes aan GOD bekend te maak, deur die spreke in tale. Rom 8:26 En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.
7. Soms is dit ook 'n teken vir ongelowiges: 1Kor 14:22 Die tale is dus **'n teken** nie vir die gelowiges nie, maar vir die ongelowiges; die profesie egter is nie vir die ongelowiges nie, maar vir die gelowiges.

Die vrug van die Gees is seker een van die duidelikste tekens dat 'n mens met die Heilige Gees gedoop is. Een van die belangrikste doelwitte van die Heilige Gees is om die mens te lei na 'n lewe van heiligmaking.=(Afgesonder van die wereld, afgesonder vir JESUS)

Die hoofdoel van die doping in die Heilige Gees is natuurlik Hand 1:8 "maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde."

Die doping in die Heilige Gees is bring ook 'n verdieping in die mens se aanbiddingslewe. Joh 4:24 God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.

Die Gawes van die Heilige Gees:

Die doel van die Gawes is eerstens dat dit tot eer van God moet opereer. Dit moet ook tot stigting van die gemeente geskied. Dit moet as hulp en versterking van die gelowige dien. Dit moet ook 'n hulp in ons dienswerk en getuienis vir die HERE wees. Daar is ook van die gawes wat as wapen teen die vyand[die duiwel] gebruik moet word.

Elke lidmaat in die kerk/liggaam van Christus, het 'n bediening, funksie of genade gawe. Al die gawes moet in die liggaam/gemeente opereer, anders kan die kerk\liggaam nie tot sy volle potensiaal kom nie. Genadegawes en bedieninge is nie net vir sekere persone bedoel nie. Daar is vir elkeen 'n funksie in die liggaam van Christus.

1Kor 12:7 Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.
1Kor 12:8 Want aan die een word **deur die Gees 'n woord van wys**heid gegee, en aan die ander **'n woord van kennis** vanweë dieselfde Gees;
1Kor 12:9 aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegwes van gesondmaking deur dieselfde Gees;
1Kor 12:10 aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale.
1Kor 12:11 Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.

Dan is daar nog die verskillende bedieninge, wat ook maar genadegawes van die Heilige Gees is.

Rom 12:6 En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is:
Rom 12:7 is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering;
Rom 12:8 of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.

1Kor 12:28 En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale.

1Kor 12:29 Almal is tog nie apostels nie, almal is tog nie profete nie, almal is tog nie leraars nie, almal is tog nie kragte nie?
1Kor 12:30 Het almal genadegawes van gesondmaking, spreek almal in tale, kan almal dit uitlê?

Die Heilige Gees deel hierdie gawes uit, soos HY wil, en waar daar 'n nood, of doel daarvoor is. Geen lid in die liggaam se bediening is minderwaardig in vergelyking met 'n ander lid se bediening of genadegawe nie. Elke bediening/genadegawe het sy plek en waarde op die gegewe tyd.

Die indeling van die nege gawes in 1 Kor 12:8-10.

1. Genadegawes van Openbaarmaking:
   (a) 'n Woord van Wysheid.
   (b) 'n Woord van Kennis.
   (c) Onderskeiding van Geeste.

2. Genadegawes van Kragte:
   (a) Geloof.
   (b) Werkinge van Kragte.
   (c) Genadegawes van Gesondmaking.

3. Genadegawes van Geïnspireerde Uitinge:
   (a) Profesie.
   (b) Allerhande Tale.
   (c) Uitleg van Tale.

Genadegawes van Openbaarmaking.

(a) 'n Woord van Wysheid.

Hierdie gawe is nie natuurlike wysheid of hoë inteligensie nie! Die Skrif sê: 'n WOORD van WYSHEID. Hierdie gawe manifesteer wanneer die Heilige Gees, in spesifieke omstandighede, jou toebedeel met 'n WOORD van GOD se ALWYSHEID. Die Heilige Gees werk hierdie gawe in jou slegs wanneer HY dink dit is nodig. Dit gebeur dikwels wanneer 'n gelowige sy getuienis met iemand deel, of aangeval word oor sy heiligmakende leefwyse. Dit is dan dat mense getuig dat hulle nie weet waar hulle die wysheid of woorde vandaan gekry het nie.

(b) 'n Woord van Kennis:

Die vorige genadegawe werk soms hand aan hand met 'n woord van kennis, en soms is dit moeilik om die twee duidelik te onderskei.

Laat ons onderskei tussen die woorde KENNIS en WYSHEID. Wysheid impliseer insig, sonder dat ons noodwendig oor 'n groot hoeveelheid kennis van 'n sekere situasie beskik. Soms kry mens 'n persoon wat nie oor baie kennis beskik nie, maar tog 'n besondere wysheid openbaar.

Net soos wat GOD ALWYS is, besit HY ook ALLE KENNIS. Wanneer dit nodig is, openbaar HY slegs 'n WOORD of BROKKIE van Sy ALWETENDHEID aan ons met 'n spesifieke doel in 'n spesifieke situasie. Iets wat toepaslik is op die situasie, wat GOD aan ons openbaar.

(c) Die Onderskeiding van Geeste:

Ons lewe tegelykertyd in 'n fisiese en geestelike wêreld. Wat in die geesteswêreld gebeur is baie belangrik, aangesien dit dikwels bepaal wat in die wêreld gaan gebeur.

Met die gawe van die onderskeiding van Geeste, gee GOD vir ons op 'n bepaalde oomblik, met die oog op 'n spesifieke saak of persoon, 'n kykie in die geesteswêreld sodat ons kan weet wat aangaan. Hier gaan dit oor die gees wat agter die skerms werk, om hom te onderskei.

Let wel - dit is nie 'n gees van onderskeiding nie, maa r 'n onderskeiding van geeste.

Ook hierdie gawe word deur die Heilige Gees beheer en HY werk dit soos en wanneer HY wil. Wanneer hierdie gawe werk word daardie gees geïdentifiseer en ontmasker. Soos in die onderstaande geval:

Hand 16:16 En terwyl ons op pad was na die bidplek, kom **'n slavin met 'n waarsêende gees** ons teë, wat vir haar eienaars deur waarsêery groot wins ingebring het.
Hand 16:17 Sy het Paulus en ons gevolg en geskreeu en gesê: Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing.
Hand 16:18 En dit het sy baie dae lank gedoen; maar baie ontevrede

daaroor, het Paulus hom omgedraai en vir die gees gesê: Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te gaan. En hy het op dieselfde oomblik uitgegaan.

Hierdie gawe opereer ook wanneer daar vir 'n sieke gebid moet word wie se siekte deur 'n bose gees veroorsaak word. In so 'n geval moet die gees uitgedryf word[deur die gawe van werkinge van kragte] nadat hy deur hierdie gawe onderskei is.

Luk 13:11 En daar was ‘n vrou wat **‘n gees van krankheid** agttien jaar lank gehad het, en sy was inmekaargetrek en glad nie in staat om regop te kom nie.
Luk 13:12 En toe Jesus haar sien, roep Hy haar en sê: Vrou, jy is van jou krankheid verlos.
Luk 13:13 En Hy het haar die hande opgelê, en onmiddellik het sy regop gestaan en God verheerlik.
Luk 13:16 Maar hierdie vrou wat ‘n dogter van Abraham is, wat die Satan—dink daaraan! —agttien jaar lank gebind het, moes sy nie van hierdie band op die sabbatdag verlos word nie?

Hiermee beweer ons nie dat ALLE siektes die DIREKTE gevolg van 'n demoon is nie.

Genadegawes van Kragte:

(a) Geloof:

Ons vind hier drie soorte geloof:

(1) Die natuurlike geloof: Dit is die geloof wat ons het in die sigbare en verklaarbare dinge. Bv. Wanneer ons die kraan oopdraai, glo ons daar gaan water uitkom.
(2) Die saligmakende geloof: Dit is wanneer ons glo in Jesus Christus en dat Hy gesterf het om ons te red van die ewige hel. Volgens Efes 2:8 is hierdie 'n gawe van God. Efes 2:8 "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; "
(3) Die Heilige Gees gawe van geloof: Hier praat ons van 'n wonderwerkende geloof. Hierdie gawe is dan ook gewoonlik die voorloper van die gawe van werkinge van kragte en genesing. Hierdie gawe ontvang ons ook nie op 'n permanente basis nie, maar net soos en waar die Heilige Gees dit nodig ag.

(b) Genadegawes van Gesondmaking:

Dit is wat òns ken as Goddelike genesing. Ons noem dit nìe geloofsgenesing nie, aangesien dit ook die term is wat Christian Science en ander godsdienste gebruik.

1Kor 12:28 En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale.

Sommige kinders van die HERE word toebedeel met 'n bediening van gesondmaking, maar enige gelowige wat glo, kan vir 'n sieke bid.

Mar 16:17 En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,

Mar 16:18 slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

Hierdie gawe word dan ook verbind aan die ouderlings bediening.

Jak 5:14 Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.

(c) Werkinge van Kragte:

Al die wonderwerke in die Bybel, kan ons onder hierdie opskrif klassifiseer. Dit is gewoonlik wanneer 'n natuurwet vir 'n oomblik opgehef word, en 'n wonderwerk plaasvind. Bv. Jesus wat op die water geloop het, die vermeerdering van die brode en vissies, Petrus wat uit die gevangenis verlos word, Elisa wat die byl op die water laat dryf het, en vele ander. Ons mag nooit die eer aan 'n mens toedig vir so 'n magsvertoon nie. Dit is altyd GOD wat werk tot SY eer, en vir SY koningkryk, wanneer dit nodig is.

Genadegawes van geïnspireerde uitinge:

(a) Profesie:

Wanneer GOD iets in 'n verstaanbare taal bekendmaak, onder aandrang van die Heilige Gees, noem ons dit 'n profesie. Dit is 'n openbaring van GOD. Dit is moontlik en selfs ook wenslik dat verskillende persone hulle vir hierdie gawe beywer.

1Kor 14:1 Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes, maar veral om te profeteer.

1Kor 14:31 Want julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal kan leer en almal bemoedig word.

In vers 3 sê Paulus dat profesie altyd woorde van troos, stigting en bemoediging moet wees. 1Kor 14:3 Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting [kan ook vertaal word - opbouing/vermaning] en troos [of - oortuiging] en bemoediging [of - oorreed/stimuleer]. Profesie word nie gebruik om mense te verneder, aante val en af te kraak, of om net voorspoed te "profeteer" nie. [Jeremia beland in modder-put wou nie voorspoed profeteer nie. Jer 38.]

Profesie is vir die gelowiges:
1Kor 14:22 Die tale is dus 'n teken nie vir die gelowiges nie, maar vir die ongelowiges; die profesie egter is nie vir die ongelowiges nie, maar vir die gelowiges.

Profesie kan ook van waarde wees vir die ongelowige:
1Kor 14:24 Maar as almal profeteer en daar 'n ongelowige of 'n onkundige binnekom, dan word hy deur almal oortuig, deur almal beoordeel;
1Kor 14:25 en so kom die geheime van sy hart aan die lig. En so sal hy op sy aangesig val, God aanbid, en verkondig dat God werklik onder julle is. {Sonde openbaring}

Vers 29 leer ons ook dat profesieë beoordeel moet word:
1Kor 14:29 Laat twee of drie profete spreek en die ander [=profete en gelowiges wat oor die gawe van onderskeiding van geeste beskik] dit beoordeel.

(b) Allerhande tale:

Soos met enige van die ander gawes, ontvang mens 'n salwing van die Heilige Gees, voordat die gawe van allerhande tale deur jou opereer. Hierdie tale is 'n verhewe vorm van aanbidding en lofuitinge, deur die Gees geïnspireer, om GOD te loof en te aanbid. Die aanbidder beskik nie oor die vermoeë om op 'n natuurlike, manier sulke verhewe aanbidding en lof uitinge aan GOD te bring nie. Deur die spreke in tale kan die Heilige Gees ook voor God intree vir 'n spesifieke saak of persoon.

Soms is dit egter 'n boodskap van GOD, en dit is dan waar die volgende

gawe in werking tree, nl die uitleg van tale.

(c) Uitleg van tale:

Tale moet uitgelê of verklaar word, sodat die gemeente kan verstaan wat aangaan en opgebou kan word.

1Kor 14:6 Maar nou, broeders, as ek na julle kom en in tale spreek, tot watter nut sal ek vir julle wees as ek nie met julle spreek òf deur 'n openbaring, òf deur kennis, òf deur profesie, òf deur lering nie?

Volgens bogenoemde skrifgedeelte moet die uitleg van tale dus 'n openbaring, kennis, profesie of lering bevat .

Die uitleg van tale is nie die direkte 'vertaling' van die tale boodskap nie. Die Griekse woord wat in 1Kor 14:13 gebruik word " " beteken uitlê, verklaar, interpreteer.

Hierdie vers dui ook daarop dat die talespreker self die eerste verantwoordelikheid het om die taal uit te lê, indien hy/sy nie daartoe in staat is nie, kan 'n ander persoon dit uitlê.

1Kor 14:13 Daarom moet **hy wat in 'n taal spreek, bid dat hy dit** kan uitlê.

1Kor 14:27 En as **iemand in 'n taal spreek**, laat dit dan wees twee of hoogstens drie, en by beurte; en laat een dit uitlê.

1Kor 14:28 Maar as daar geen uitlêer is nie, laat hy in die gemeente swyg, en laat hy met homself en met God spreek.

Terwyl 'n persoon in tale spreek, ontvang die uitlêer die hoofgedagtes waarom dit in daardie taal gaan. Hy deel daardie gedagtes dan in sy eie woorde aan die mense mee. Indien meer as een persoon in die gemeente dus die uitleg ontvang, kan dit gebeur dat hy die boodskap in heeltemal ander woorde sou uitlê, maar die betekenis van die boodskap sal op dieselfde hoofgedagte rus.

Nog 'n wyse waarop die uitlêer die boodskap kan ontvang, is waar hy deur die salwing van die Gees 'n woord vir woord verklaring in die mond gelê word.

Dan kan die Here ook terwyl die persoon in tale praat aan die uitlêer 'n

gesig of visioen gee en moet hy bloot beskryf wat hy gesien het.

Sewe verskillende wyses waardeur die Heilige Gees, deur die mens projekteer of werk:

1. Aanraking:

Mar 16:18 .....; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

Hand 19:6 En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer.

Ons sien hier dat die handoplegging 'n kragwerking van genesing en die vervulling met die Heilige Gees teweeg gebring het.

2. Die Gees projekteer deur die oë:

Luk 11:34 Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, is jou hele liggaam ook verlig; maar as dit verkeerd is, is jou liggaam ook donker.
Luk 11:35 Pas dan op dat die lig in jou nie duisternis is nie.

Hier praat Jesus van 'n geestelike lig.

Efes 5:8 Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die lig.

'n Mens kan dikwels die bedoeling van 'n mens se hart in die persoon se oë sien. As die mens se oog dan 'n weerkaatsing is van wat in sy gees aangaan, hoeveel te meer sal die Heilige Gees krag deur sy oë manifesteer wanneer hy met die Heilige Gees vervul is.

Hoe manifesteer die Heilige Gees deur die oë?

Hand 3:4 En Petrus saam met Johannes het hom stip aangekyk en gesê: Kyk na ons. (Die kreupel gebore-man by tempelpoort)
Hand 3:5 En hy het sy oë op hulle gehou in die verwagting dat hy iets van hulle sou ontvang.
Hand 3:6 Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaré-

ner, staan op en loop!
Hand 3:7 Toe gryp hy hom aan sy regterhand en rig hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword.

Hulle het hierdie man stip aangekyk en deur hulle oë, hulle gees gesalf met geloof en krag, het hulle met sy gees kontak gemaak en 'n wonderwerk in die naam van Jesus vind plaas.

Elimas die towenaar:
Hand 13:9 Maar Saulus, dit is Paulus, vervul met die Heilige Gees, het die oë op hom gehou en gesê:
Hand 13:10 Kind van die duiwel, vol van alle bedrog en alle listigheid, vyand van alle geregtigheid, sal jy nie ophou om die reguit weë van die Here te verdraai nie?
Hand 13:11 En nou, kyk, die hand van die Here is op jou, en jy **sal blind wees en die son 'n tyd lank nie sien nie.** En onmiddellik het daar donkerheid en duisternis op hom geval, en hy het rondgegaan en gesoek na mense wat hom by die hand kon lei.

Dit is baie duidelik dat Paulus deur die stip aankyk van sy oë op hierdie towenaar, die bestrawwende krag van die Heilige Gees geprojekteer het wat hom met blindheid geslaan het.

3. Die Gees projekteer deur WOORDE:

Die mens gee deur woorde uitdrukking aan wat in sy hart en gees aangaan. Wanneer jou gees vol is van die Heilige Gees, sal die Heilige Gees krag deur jou woorde projekteer.

Heb 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorleggings en gedagtes van die hart. [Van sowel die sondaar as die kind van God.]

Wanneer jy gesalfde woorde spreek, woorde gedrewe deur die Heilige Gees, dan is daardie woorde vol van die lewe en die krag van GOD, en dit projekteer deur jou woorde.

1Pet 4:11 As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God;
.....

Jes 51:16 En Ek het my woorde in jou mond gelê ..... [GOD sou dit nie gesê het nie, as SY Woorde nie krag gehad het in die mond van diegene wat dit in geloof spreek nie.]

Spr 18:21 Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.

In Jakobus 3 leer ons van die mag van die tong. Ons kan groot skade aan die werk van GOD aanrig as ons nie ons tong/woorde reg gebruik nie. Laat ons woorde altyd die Heilige Gees van GOD projekteer.

4. Die Gees projekteer deur jou gedagte:

Spr 23:7 Want soos hy in sy siel bereken, so is hy; .....

Ons denke is vernuwe volgens Rom 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

Rom 8:5 Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.
Rom 8:6 Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede,

Kol 3:2 Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.

Wanneer ons vir iemand bid wat duisende kilometers van ons af is, en ons tree ernstig vir daardie persoon in, werk die Heilige Gees saam met ons.

5. Die Gees projekteer deur die Heilige Skrif:

Die sendbriewe van die Apostels is gelaai met salwende Heilige Gees krag.

Deur die Woord te lees maak ons kennis met die liefde van Jesus, die doel van SY dood op Golgotha, al SY wonderbare beloftes vir SY kinders, SY wederkoms en die Goudstad wat vir ons wag.

[Wanneer ons in die studeerkamer van 'n persoon kom, kyk ons graag na die boeke in sy boekrak. Die tipe boeke spreek van die denke van die

persoon aan wie die studeerkamer behoort.]

Die Gees projekteer ook deur Geestelike boeke wat onder die salwing van die Heilige Gees geskryf is.

6. Die Gees projekteer deur 'klere en doeke'.

Hand 19:11 En God het buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen,
Hand 19:12 sodat selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gelê is, die siektes van hulle gewyk en die bose geeste van hulle uitgegaan het.

Dit is tog merkwaardig hoedat die Heilige Gees Krag wat in 'n mens se liggaam woonagtig is, selfs jou klere deurtrek, sodat hierdie voorwerpe wat aan Paulus se liggaam was, die salwing kon oordra op siekes en duiwelbesetenes, en hulle deur daardie salwende krag genees en bevry is.

Dit is dan ook die rede waarom ons soms 'n sakdoekie salf en hande oplê en daaroor bid, en dit dan na die sieke stuur, sodat dit op die persoon gelê kan word, en GOD die genesingswerk doen.

2Kon13:20 Daarna het Elísa gesterwe, en hulle het hom begrawe. En die bendes van die Moabiete het die land ingekom met die ingang van die jaar.
2Kon 13:21 En **terwyl hulle besig was om 'n man te begrawe**, sien hulle meteens die bende; daarom het hulle die man in die graf van Elísa gegooi; en toe die man met die gebeente van Elísa in aanraking kom, het hy lewendig geword en opgestaan op sy voete.

Dis die Heilige Gees Krag wat deur die doodsbeendere van Eisa projekteer. Elisa het meer Heilige Gees Krag in sy doodsbeendere gehad as baie kinders van die Here wat vandag in die kerke sit.

7. Die Heilige Gees projekteer deur teenwoordigheid:

1Kor 6:19 Of weet julle nie **dat julle liggaam 'n tempel is van die** Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?

Ons liggame behoort aan GOD en word bewoon deur die Heilige Gees.

Waar daardie liggaam beweeg, beweeg die tempel/woonplek van die Heilige Gees. Vanselfsprekend beweeg die Heilige Gees ook saam en SY krag word deur daardie persoon geprojekteer in wie HY woon.

Han 5:14 En daar is meer en meer gelowiges in die Here bygevoeg, menigtes van manne sowel as vroue,
Hand 5:15 sodat hulle die siekes op die strate uitgedra en op bedde en draagbare gelê het, met die bedoeling dat, as Petrus kom, al was dit net sy skaduwee op iemand van hulle sou val.

Mense sou nie siekes op die strate uitgedra het, as die blote teenwoordigheid van Petrus nie 'n Kragveld van die Heilige Gees geskep het nie. [Daar was by hulle 'n sterk verwagting dat as sy skaduwee net op die siekes sou val, hulle gesond sou word, vanweë die Krag van die Heilige Gees wat deur hom geprojekteer het.]

In JESUS se teenwoordigheid vind ons ook dat onreine geeste dadelik gereaggeer het wanneer hulle HOM herken het en dat hulle uitgeroep het vanweë die Krag van SY teenwoordigheid.

Simon die towenaar:

Hand 8:18 En toe Simon sien dat deur die handoplegging van die apostels die Heilige Gees gegee word, het hy hulle geld aangebied
Hand 8:19 en gesê: Gee aan my ook hierdie mag, sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang.
Hand 8:20 Maar Petrus sê vir hom: Mag jou geld saam met jou vergaan, omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry.
Hand 8:21 Jy het geen deel of lot in hierdie saak nie, want jou hart is nie reg voor God nie.
Hand 8:22 Bekeer jou dan van hierdie boosheid van jou, en bid God of die gedagte van jou hart jou miskien vergewe mag word.
Hand 8:23 Want ek sien dat jy in ‘n gal van bitterheid en bande van ongeregtigheid is.
Hand 8:24 Maar Simon het geantwoord en gesê: Bid julle tot die Here vir my, sodat niks van wat julle gesê het, oor my mag kom nie.

Die Wêreldling, die sondaar kan die Heilige Gees nie ontvang nie:

Joh 14:17 die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

Die Heilige Gees word gegee aan hulle wat dors na Hom:

Joh 7:37 En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!
Joh 7:38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

Die Heilige Gees word gegee aan hulle wat in Hom glo:

Joh 7:39 En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.

Laster teen die Heilige Gees.

Ons lees in Matteus 12, Markus 3 en ook Lukas 12 van **"laster teen die Heilige Gees." (Wanneer word die GEES gelaster ???)**

(1) **Om werkinge van die Heilige Gees aan 'n demoon toe te** skryf:

Mat 12:24 Maar toe die Fariseërs dit hoor, sê hulle: Hy (JESUS) dryf die duiwels nie anders uit as deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels, nie.
Mat 12:25 Maar Jesus het hulle gedagtes geken en vir hulle gesê: Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes; en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie.
.....
Mat 12:28 Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom.

Mat 12:31 Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense

vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie.

Mat 12:32 En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomende nie.

Jesus het hier duiwels uit gedryf deur die krag van die Heilige Gees. Die Fariseërs wou Hom in hul hoogmoed nie erken nie en sê vir die skare dat HY dit gedoen het deur Beëlsebul[’n demoon—ook genoem die god van die vlieë en van die mishoop]. Hierdie sonde om die werking van die Heilige Gees te beskou en te brandmerk as ’n demoon se werk, is laster teen die Heilige Gees, en dit is onvergeeflik.

Die aard van hierdie sonde was dus om die Heilige Gees met 'n demoon, Beëlsebul, gelyk te stel. Dit was 'n geval van karakterskending deur voor te gee dat die Heilige Gees—boos was.

Mar 3:28 Voorwaar Ek sê vir julle, al die sondes sal die mensekinders vergewe word en al die lasteringe wat hulle mag uitgespreek het;

Mar 3:29 maar wie teen die Heilige Gees gelaster het, het geen vergifnis tot in ewigheid nie, maar is skuldig aan die ewige oordeel—

Mar 3:30 omdat hulle gesê het: **Hy het 'n onreine gees.**

Hulle het geïmpliseer dat JESUS 'n onreine gees het, soos Markus dan ook hier in vers 30 sê. Ons mag nooit die Heilige Gees van GOD as onrein beskou en ons dan ook so teenoor ander uitspreek nie. DIT is sonde teen die Heilige Gees.

Luk 12:10 En elkeen wat 'n woord teen die Seun van die mens sal spreek, dit sal hom vergewe word; maar vir hom wat gelaster het teen die Heilige Gees, sal dit nie vergewe word nie.

(2) Die sonde tot die dood toe:

Dit kan ook verklaar word as 'n doelbewuste verwerping van die GENADE OFFER\Evangelie van JESUS CHRISTUS en dus die reddende genade van God.(WEIER om hom te bekeer)

Soos in die geval van die Farriseërs, wat hoogsgeleerde mense was, wat die profesieë van die koms van hul Messias daagliks bestudeer het.

Omdat HY egter nie ingepas het in hul 'prentjie' van hoe HY moes lyk en wees en optree nie, het hulle hul harte verhard en wou HOM nie aanvaar as hul Messias nie. Elke persoon wat dus vandag nog weier om GOD se groot reddende genade te aanvaar [die wedergeboorte weier—Joh 3:3 &5], maak homself skuldig aan die **"sonde tot die dood toe/laster teen die Heilige Gees."**

Joh 3:3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.
Joh 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water = "Gr EK HUDATOS KAI -PNEUMATOS" en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. [Die hemel nie maak nie.]

DIE PROFESIE VAN JOËL HOOFSTUK 2 [800 vC]

Hand 2:16 Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is:
Hand 2:17 En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom. Petrus noem kosmiese tekens vers 19-20 wat nie gebeur het

Die profeet Joël het 800 jr voor Christus geleef. Joël 2:23 ..... en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns, soos voorheen.

Joël 2:27 En julle sal weet dat Ek in die midde van Israel is, en dat Ek die HERE julle God is, en niemand anders nie; en my volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie. (DIE JOOD !!!)
Joël 2:28 En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.
Joël 2:29 En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet.
Joël 2:30 En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare.
Joël 2:31 Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom (KOSMIESE TEKENS voorafgaande by laatreen)

Van hierdie groot en deurlugtige dag [Armageddon- Openb 16:16] lees ons in Openbaring 19 wanneer HY [Jesus] op Sy wit perd kom om oorlog te voer in geregtigheid, en HY die antichris en die valse profeet oorwin en binne in die hel werp en satan gebind. (opb 19:20+hfst 20)

Bovermelde profesie"JOËL" kom dus in twee fases tot vervulling, 'n dubbele vervulling. (vir die kerk reeds vervul, en die jood toekomstig)

Die vroeë reën: Op pinksterdag met die geboorte van die kerk in die bovertrek - Hand 1 & 2. [Daar was geen kosmiese tekens nie]

Hier wil ons u net herinner aan 2Thes 2:6 "En nou, julle weet wat hom [antichris] teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. " Die teëhouer is die Heilige Gees binne in die bloedgewaste bruid van Jesus. Die Heilige Gees sal dus die bruid na die hemel vergesel. Die Heilige Gees kan nie losgemaak word van die bruid nie. Sy sal geestelik dood wees sonder Hom. (Joh 6:63 Die Gees maak lewend)

Die laat reën: Met voorafgaande kosmiese tekens, van toepassing op die JOOD met die aanvang van die duisendjarige vrederyk.

Hand 2:16 Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is:
Hand 2:17 En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.
Hand 2:18 En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer.
Hand 2:19 En Ek sal wonders gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde, bloed en vuur en rookdamp.
Hand 2:20 Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom.

"Na die sewe jaar verdrukking - KOSMIESE TEKENS."

Mat 24:29 En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. (Na kosmiese tekens - laat reën op die JOOD)

Volgens die SKRIF sal daar NIE 'n "laat reën" uitstorting van die Gees op die kerk wees nie. Dis van toepassing op die Joodse volk soos geprofeteer deur Joël, met voorafgaande kosmiese tekens.

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel is daar 'n kloof—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die bloed van Jesus Christus. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \Hand 17:30 GOD het die tye onkunde oorgesien....

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –**.....maak jou klaar om jou God te ontmoet,.. "MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Web tuiste: ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.